



Huis Horison

2023

Annual

REPORT\VERSLAG

Verslag van die werksaamhede vir die tydperk 1 September 2022 – 31 Augustus 2023

Table Of Contents

About Huis Horison	003	Projekte & ontwikkeling	020
Boodskap van die voorsitter	005	Multi-dissiplinêre span	024
Boodskap van die uitvoerende hoof	006	Kliniek	030
Operasionele bestuur	008	Eko-program	033
Werkareas	011	Finansiële bestuur	038
Tegniese-en terreinbestuur	016		

ABOUT HUIS HORISON

ABOUT HUIS HORISON

Established in 1974, Huis Horison is a residential and protective work centre in Stellenbosch specialising in the care of adult people with a primary intellectual disability. We provide sheltered employment to 128 residents and 29 day workers.

A safe and enriching environment is offered in which adults, with different levels of functioning can live together as part of an extended family. Support services are provided by a strong team of managers, instructors, carers, residential, administrative and fundraising staff, as well as a multi-disciplinary team consisting of social workers, nurses, an occupational therapist and biokineticist.

At Huis Horison our focus is on a holistic and client-centred service that includes the following:

- Quality accommodation, meals, primary medical care, and assistance in activities of daily living, washing and cleaning services.
- Skills training and job-creation in sheltered work areas for residents and day workers.
- Life skills training on individual-, group- and community level.
- A holistic approach to address the physical-, emotional-, spiritual-, social- and mental well-being of residents and day workers.
- Include parents, families, friends, volunteers, and members of the community as part of our Village and systems approach.
- Incorporates adult people with intellectual disabilities from previously disadvantaged areas in the community, giving them the opportunity to a meaningful and dignified life.



BOODSKAP VAN DIE VOORSITTER: TOMMY O'KENNEDY



Die Direksie het die afgelope termyn baie gepraat oor Korporatiewe Bestuur en hoe Huis Horison daarin kan groei en verbeter. Alhoewel daar 'n groot verskil is tussen winsgewende maatskappye en nie-winsgewende maatskappye is daar tog 'n paar beginsels wat dieselfde bly. By maatskappye met winsmotief is die hooffokus om op volhoubare wyse maksimum wins te kan maak vir die aandeelhouders. By Huis Horison is ons hooffokus om die gehalte van die versorging en menswaardigheid van die mense in ons sorg te verhoog sodat dit vir hulle 'n blywende tuiste sal wees waar hulle volle menswees ontwikkel word. Ons droom is om 'n "Village" te wees waar mense as 'n gemeenskap saam kan leef, kan groei en gelukkig kan wees. 'n Meesterplan is reeds opgestel om aktief hieraan te werk. Indien ons dit goed doen, gee dit hoop vir almal betrokke – vir inwoners, hulle ouers/voogde/vriende en vir die breë gemeenskap.

Die Direksie het weer gekyk na ons maatskappy se "Memorandum of Incorporation" (MOI) en hoe ons kan groei en verbeter in Korporatiewe Bestuur. Ons het met verskeie onafhanklike kenners gekonsulteer en ook gekyk na "The Independent Code of Governance for non-profit organisations in South Africa". Met die hulp van 'n prokureur het die direksie besluit om 'n aantal veranderinge in die MOI voor te stel vir goedkeuring deur die lede.

Die direksie verbind hom steeds daartoe om voort te gaan om Huis Horison se Visie, Missie en gedeelde waardes te onderskryf, uit te leef en aktief te bevorder. Verder sal ons bly fokus op die direksie se vyf pilare wat ons vir onself gestel het, naamlik: Integriteit (Integrity), Bevoegdheid (Competency), Aanspreeklikheid (Accountability), Billikheid (Fairness) en Deursigtigheid (Transparency).

Dit bly 'n groot voorreg om deel te kan wees van Huis Horison.

Tommy O'Kennedy
Voorsitter van die Direksie

BOODSKAP VAN DIE UITVOERENDE HOOF: MAGDIE VAN HEERDEN



Die Visie en Missie van 'n organisasie moet altyd die rigtingwyser vir die toekoms wees. Huis Horison se VISIE: Om 'n helder vlam van hoop te wees vir intellektueel gestremde volwassenes, hulle families en die breër gemeenskap, en ons MISSIE: Om die behoefte aan die versorging van intellektueel gestremde volwassenes uit alle gemeenskapp maksimaal te bevredig en om die persone in ons sorg 'n blywende tuiste te gee waar hulle volle menswees ontwikkel word, reflekteer weereens in hierdie jaar se verslag.

BEING, BELONGING & BECOMING

Die Visie en Missie van Huis Horison word in praktyk uitgeleef in ons fokus op die uitleef van Lewenskwaliteit en word omvat in die volgende 3 sleuteltermes: 'Being, Belonging, Becoming'. Being sluit in: fisiese-, emosionele-, geestelike (mental)- en spirituele gesondheid en veiligheid. Belonging verwys na: waar jy bly en leef, belangrike mense (significant others) in jou lewe, al die dinge om jou. Becoming sluit in: betekenisvolle werk, ontspanning, groeigeleenthede en praktiese aktiwiteite.

Lewenskwaliteit (Quality of Life) het vele omskrywings, maar die een wat vir my die beste waarmee ons elke dag besig is beskryf, is die volgende: "QL = The degree to which a person enjoys the important possibilities of his/her life. Possibilities result from the opportunities and limitations each person has in his/her life and reflect the interaction of personal and environmental factors".

In 2021 we introduced the slogan: "Feel good, look good, live good". What we must add now is "do good". To feel and be of worth through meaningful work, doing good to others in the Village and the community, being good to Mother Nature, feeling valued as a creation of God, and having a sense of purpose

OPERASIONELE BESTUUR/OPERATIONAL MANAGEMENT:

HR & Residential Management/
MHB & Residensiële Bestuur

OPERASIONELE BESTUUR/ OPERATIONAL MANAGEMENT: HR & RESIDENTIAL MANAGEMENT/ MHB & RESIDENSIËLE BESTUUR

MENSLIKE HULPBRONBESTUUR/ HR MANAGEMENT

Herstrukturering van die Na-ure Personeelkorps was een van die grootste uitdaginge die afgelope jaar. Tydens 'n besoek van die Departement van Arbeid in Maart 2023 is daarop gewys dat sekere van die prosesse wat gevolg word nie binne die Wet op Basiese Diensvoorwaardes val nie. Die eerste uitdaging was om die Huisouerstruktuur te verander om binne die aanvaarde werkure te val en addisionele Nagversorgers moes aangestel word vir hierdie doel.

Die tweede uitdaging, en heel waarskynlik die mees uitdagende, was die herstrukturering van die Nagversorgerstruktuur. Konsultasieprosesse waarby sowel die Nagversorgers, Departement van Arbeid, Hospersa en twee Arbeidsprokureurs betrek is, het reeds in Maart 2023 begin. 'n Nuwe beleid is geskryf om te verseker dat standaard bedryfsprosedures gehandhaaf word. Hiermee saam moes nuwe kontrakte en pligstate opgestel word. Die finansiële implikasies van hierdie nuwe struktuur, asook regsfooie wat daarmee gepaard gaan, plaas enorme druk op die begroting.

Nog 'n aanbeveling van die Departement van Arbeid wat geïmplimiteer is, is die offisiële aanstelling van 4 Gesondheids- en Veiligheidsvertegenwoordigers.

Die Menslike Hulpbronbestuur (MH) Afdeling was in die tydperk deurlopend besig met die werwing, keuring en plasing van dagpersoneel naamlik; Ontvangs, Senior Suster, Arbeidsterapeut en vir die eerste keer in ons geskiedenis 'n Biokinetikus en 'n na-ure Verpleegkundige.

Die MH Afdeling het in Augustus die indiening van die "Equity" Verslag afgehandel wat vir die eerste keer op Huis Horison as werkgewer van toepassing is. Baie tyd word verder spandeer aan die hersiening van pligstate as deel van 'n personeeloudit en posgraderingstelsel.

Die MH Departement se strewe is nie alleen om die organisasieklimaat en -kultuur te verbeter nie, maar ook om die impak van veranderinge in wetgewing vroegtydig toe te pas. Sodoende verseker ons dat regverdigheid geskied en die verhouding tussen werkgewer en werknemer winsgewend vir beide partye is en die Visie en Missie van Huis Horison effektief uitgeleef kan word. 'n Omgewing moet geskep word waar personeel, inwoners en dagwerkers kan voel hulle behoort (belong).

RESIDENSIËLE BESTUUR/RESIDENTIAL MANAGMENT

Die kern van Residensiële Bestuur is dit wat van Huis Horison 'n tuiste maak is:

- Wasgoed
- Maaltye
- Skoonmaakdienste
- Interaksie met familie en vriende
- Funksies

Residensiële Bestuur se fokus is op die verbetering van die Kombuisbestuur in geheel, naamlik die bediening van maaltye, die skedule wat die inwoners volg in terme van etes, effektiewe voorraadbeheer en spanwerk in die Kombuis. 'n Kombuisbeleid is opgestel wat standaard bedryfsprosedures uitlig en verskaf 'n streng protokol ten opsigte van beheermaatreëls byvoorbeeld aspekte soos porsiegroottes, spyskaart-voorbereiding en standaard resepte per maaltyd. Een van die spanlede is aangestel as Residensiële Koördineerder om die verantwoordelikheid te neem vir die bestuur van meeste dag-tot-dag take. Die impak wat die kombuis-herstrukturering sal inhou is beter prosesse om vermorsing te voorkom en die begroting as geheel te handhaaf.

In die tydperk 1 September 2022 - 31 Augustus 2023 het ons 12 nuwe inwoners verwelkom. Almal skakel reeds goed in by die daaglikse ritme van Village Lewe. Nog drie inwoners sluit binnekort by ons aan. Die gemak waarmee nuwe mense by ons inskakel is altyd verblydend en bevestig die feit dat ons werklik 'n plek is waar jy jou menswees kan uitleef (being) en waar jy tuis kan wees (belonging).

Gereelde besprekings van die 3 gastekamers genereer ekstra inkomste waaroor ons baie dankbaar is. Ons was verheug om 'n groep Pelgrims te verwelkom wat 'n heerlike tyd saam met ons inwoners spandeer het en deel van die Village kon beleef.

Inspeksies van Departement Gesondheid is gedurende Desember 2022 asook Julie 2023 gedoen wat beide baie positief verloop het; slegs klein veranderinge en verbeteringe was vereis.

WERKAREAS/ WORK AREAS

WERKAREAS/WORK AREAS

Huis Horison het 12 verskillende Werkareas. Inwoners en dagwerkers se plasinge in die onderskeie werkareas word na aanleiding van hul vermoëns om spesifieke take te verrig, asook hul belangstelling, gedoen.

Die opnameproses van Huis Horison word afgesluit met 'n WUBSA-assessering, waar alle potensieële kandidate se vermoë tot inskakeling by hierdie verskillende Werkareas geëvalueer word. Alhoewel hierdie assessering nie die opname bepaal nie, skep dit 'n beter beeld van die kandidaat se vlak van funksionering en of die vaardighede wat hulle besit wel in een van ons 12 Werkareas tot sy volle potensiaal sal kom.

Effektiewe plasinge het 'n positiewe effek op hul daaglikse inskakeling (Being) in die Horison Village - die fokus verskuif na die individu se potensiaal en nie noodwendig die spesifieke taak of produktiwiteit in die Werkarea nie. Korrekte plasinge dra by tot die kwaliteit van hul lewens en inwoners en dagwerkers ervaar aanvaarding (Belonging), omdat hulle binne hul werksomgewing 'n doel het wat haalbaar vir elkeen is. Hul verrig die spesifieke take met trots en ontvang erkenning vir dit wat hulle doen.

Daaglikse waarnemings deur Instruksors en Spesiale Versorgers skep ruimte vir ontwikkeling en groei van die inwoners en dagwerkers. Dit word ook gebruik in die opstel van jaarlikse Individuele Ontwikkelingsplanne (IDP's).

Die werkareas is soos volg: Algemene Herwinning, Papier Herwinning, Bakkery, Handwerk, Lynfunksie, Houtwerk, Skoonmaakspan, Klub Phoenix, Washuis, Groenspan (Green Team), die Kwekery, Kombuis, en Instandhouding.

HERWINNING/RECYCLING

Huis Horison se hart is alreeds vir baie jare, groen!

Ons herwinningspan sorteer karton, papier en glas. Ons is dankbaar vir die kliënte-basis wat ons oor die jare kon opbou en vir die passie wat die gemeenskap saam met ons deel. Hierdie afdeling is verdeel in twee areas. Papier Herwinning word bestuur deur 'n instruksor en 3 spesiale versorgers. Algemene Herwinning se span word gelei deur twee instruksors waarvan die een ook 'n Huis Horison drywer is en dus die grootste deel van dag op die pad is.

Die plasinge tussen die twee areas is gebaseer op die individuele vlakke van funksionering van die inwoners en dagwerkers. Die nodige ondersteuning word aan elkeen gebied en moontlikhede vir die aanleer van nuwe vaardighede (Becoming) word voortdurend in die twee werkareas aangespreek. Instruksors en versorgers werk deurentyd saam met die groepe en doen presies dieselfde werk. Dit dra by tot die gevoel van "behoort aan" (Belonging) 'n span en in die Village.

Gedurende hierdie tydperk is daar uitgereik na die gemeenskap om ligte staal (blikke) bykomend te herwin. Die betrokkenheid van die gemeenskap het gesorg dat hierdie projek suksesvol was en die moontlikheid van 'n tweede rondte word dus sterk oorweeg. Die projek ten opsigte van ons versnipperingsdienste is ook uitgebrei met die aankoop van 'n addisionele versnipperingsmasjien. Hierdie projek word tans met groot sukses bestuur aangesien die bemerking daarvan gesorg het vir heelwat nuwe kliënte.

HANDWERK/HAND WORK

Die Handwerkkamer is vir jare reeds 'n ruimte waar ons inwoners en dagwerkers 'n doel vind deur 'n verskeidenheid kreatiewe handwerkprodukte te maak. Die vermoëns en vaardighede van die inwoners en dagwerkers word so saamgestel dat unieke eindprodukte die verkoopprakke bereik wat hulle as persoonlike mylpale beskou (Becoming).

Hierdie afdeling word gelei deur twee instrukteurs. Oor die jare het baie groei met betrekking tot produkontwikkeling plaasgevind, maar hulle is ook bekend vir die unieke items wat die gemeenskap slegs by Huis Horison kan kry. Hierdie span werk baie hard vir ons jaarlikse Kermis en hul gewilde stalletjie is altyd uiters suksesvol.

Plasings in hierdie Werkarea is gekoppel aan die verskillende vaardighede wat 'n individu benodig om hierdie besondere produkte te kan maak. Die Instrukteurs skep ook die nodige geleentheid vir groei deur die persone in die Werkarea se vermoëns te toets deur vir hulle addisionele vaardighede aan te leer.

Ons is dankbaar vir die ondersteuning van die publiek op 'n gereelde basis en is hard besig om voor te berei vir die 2023 Kermis, Markte en Portchie se 60e verjaarsdagviering, waar die produkte van hierdie werkarea uitgestal en te koop sal wees.

BAKKERY/BAKERY

Die Bakkery is onder die leiding van een instrukteur en 3 inwoners. Hierdie bekwame span is verantwoordelik vir die heerlike koekies, beskuit, pasteie en souttert wat met sorg vir die publiek voorberei word.

Die plasings in hierdie Werkarea fokus op die vaardighede van die individu en die verskeidenheid take wat verrig moet word. Die assessering van die persoon speel dus 'n groot rol en moet bevestig dat die individu baie spesifieke take moet kan verrig binne 'n bepaalde tydsraamwerk. Onder die leiding van die instrukteur is die ontwikkeling van vaardighede en uitbou van selfvertroue in die span sigbaar en word die visie van 'Being, Belonging & Becoming' gesamentlik bereik.

Die vestiging van Huis Horison se winkel het ook die nodige platform geskep om 'n deurlopende afsetgebied vir verkope van Bakkerij-produkte te verseker. Ons wil graag die betrokkenheid van vrywilligers weer aanmoedig wat skipbreuk gely het tydens die Covid-pandemie. Vrywilligers speel 'n groot rol in hierdie Werkarea aangesien hulle inskakeling die produksie versnel en inkomste verhoog.

Alhoewel ons altyd moontlikhede ondersoek om Werkareas meer winsgewend te bedryf, is ons primêre fokus die welstand van ons inwoners en dagwerkers. Die daaglikse inskakeling by enige van Huis Horison se Werkareas skep vir hulle 'n gevoel van selfwaarde en aanvaarding (Belonging). Dit vorm deel van hul identiteit by Huis Horison en skep vir hulle 'n plekkie in die Village.

Na aanleiding van die spesifieke taak waarvoor hulle verantwoordelik is, moet hulle trots ervaar en erkenning kry vir hul bydrae tot die sukses van die Werkareas. Hierdie positiviteit sal dus sorg vir die lewenskwaliteit wat ons as personeel vir elke inwoner in ons sorg wil gee. Dit sal dan, vanselfsprekend, hul werksetiek aanspreek en sodoende produksie verhoog wat winsgewenheid sal aanspreek.

Personeel moet vir almal die geleentheid skep om hul menswees te ontwikkel soos saamgevat in die Visie, Misie en Waardes van Huis Horison. Hierdie word die beste aangespreek in die Werkareas waar elkeen se eie identiteit tot sy volle reg kom. Die Instruksors en Spesiale Versorgers kry die geleentheid om moontlikhede te ondersoek en te ontdek, wat die inwoner en dagwerker (of selfs ouer) dalk as onmoontlik gesien het. Op hierdie manier word groei en ontwikkeling bewerkstellig – "Becoming the best you can".



VILLAGE LIFE

“

Met die aankoms van inwoner A, wat nie verbaal is nie en baie jare bekend is aan 'n spesifieke roetine, was alle personeel benoud oor wat sy inskakeling na vore sal bring en of hulle pogings vir inskakeling in die spesifieke Werkarea enigsins suksesvol sal wees. Die eerste dag was maar benoud en daar was sprake om die individu na Klub Phoenix te skuif, waar ons ouer mense 'n rustiger lewe volg. Dit het egter slegs een personeellid geneem om die saadjie te plant dat daar dalk te vining besluit is om die persoon 'n rustiger lewe te bied. Almal het ingespring en gehelp waar nodig, selfs personeel wat glad nie in die Werkarea geplaas is nie. Die individu is so ingenome met die spesiale werk, dat hy sommer etenstyd ook wil werk. Dit is steeds “early days”, maar iets sê vir my hierdie persoon sal bly in die plasing. Ons almal wat by Huis Horison werk, vergeet soms dat ons daar is vir 'n rede; “by devine appointment”. In baie gevalle het ons ook dieselfde doel met betrekking tot die inwoner of dagwerker. Hier het dit een, nie-verbale persoon, gekos om ons te herinner hoekom ons by Huis Horison is: d.w.s. die groot taak om vir hierdie persone te sorg en hul menswees te ontwikkel.

”

TEGNIESE- EN TERREINBESTUUR/ TECHNICAL AND TERRAIN MANAGEMENT

TEGNIJSE- EN TERREINBESTUUR/ TECHNICAL AND TERRAIN MANAGEMENT

Of all the activities at Huis Horison the most visible and impressive are those of the team responsible for terrain development, upgrade and maintenance. In the past year the following projects were completed:

RESIDENTIAL AREAS

The communal areas in Katjiefiering were refurbished and all the bathrooms were renovated. The room adjacent to the Clinic were converted into an en suite room for an existing resident who's mobility is deteriorating. This enabled us to make another room in Protea available for a new resident. Two more suites in Protea's bathrooms were renovated; one was also converted in an en suite room and the other had to change from bath to shower. Aluminium doors were installed in Jasmyn (exit doors), Katjiefiering (front door) as well as the front door of the main building (reception area). To replace all steel frames with aluminium is one of the priorities for future maintenance. Renovating our buildings plays an important role in reaching our goal of 'look good, feel good, live good'.

SECURITY FENCING

Thanks to a generous donor, new fencing around the inner area (buildings) and outer area (dam, orchard, 'Kermis' area, nursery, vegetable boxes, compost heaps and woodchips) was erected. This was a dream come true for the improvement of the security of our assets and our residents. A new safety fence was erected around the swimming pool as well. Safety and security are key ingredients for quality of life, not only for residents and day workers, but for staff as well.

SOLAR ELECTRICITY

After more than two years of consultation and project revisiting, the solar donation was granted. We are very grateful for this huge contribution by one of our main sponsors. It will change the lives of residents, day workers and staff members. The building needed for the inverters and batteries started in August with our in-house team, which saved massively on costs of contractors. Installation of solar panels will commence in September. The positive impact this will have on the quality of life of our residents, who depend on the daily routine in the work areas, residence, dining hall and laundry can not be measured in monetary terms.

BUIITE AREAS

Danksy 'n donasie is n TLB masjien ("Combination Tractor Loader Backhoe") aangekoop vir gebruik in die langtermyn terrein ontwikkeling. Hierdie masjien spaar baie tyd en kan werk verrig wat nie deur menshande gedoen kan word nie. Die uitheemse Kasuarisboomlaning bo die suurleroenboord is afgesny: buiten dat dit nie inheems was nie, het dit 'n deurlopende veiligheidsrisiko geskep omdat dit langs kragdrade geplant is en kortsluitings veroorsaak het.

Die stelselmatige vernuwing van tuinbeddings met plante wat in ons eie kwekery gekweek word vorder goed – hierdie jaar is die beddings om die areas van Katjiepiering oorgedoen. Deurlopende verwydering van indringer plantegroei in die Vleilandgebied (Arboretum) voorsien genoeg plantmateriaal wat versnipper word vir eie gebruik asook verkope aan die publiek ("wood chips").

In lyn met die deurlopende verbetering/opgradering van loopoppervlaktes om val risiko's te verminder, is nuwe geplaveide stappaadjies by die Studio aangebring, tussen die eetsaal en werkareas, ingang by Katjiepiering en by die "woudarea" as begin van 'n sensoriese stappad (lg. ook te danke aan 'n donateur).

WIFI & SECURITY CAMERA INSTALLATION

Installing WiFi access for the daily use of residents is not an easy task. The cable network had to be re-routed (with injuries-on-duty as part of the deal), cut off internet access of (annoyed) staff for long hours, and brainstorming for a new internet policy and monthly budget to absorb the costs.



HOUTWERK

Die Houtwerk-afdeling is op die oomblik steeds deel van Tegniese- en Terreinbestuur alhoewel dit 'n goed gevestigde onafhanklike werkarea is met 'n instrukteur om aan 11 inwoners en dagwerkers betekenisvolle werk te bied.

Die herstel en restourasie van meubels vorm die grootste aktiwiteit van die afdeling. Dienste wat gelewer word sluit onder andere skuurwerk, vernis/verf, riempies, rottang en herstelwerk in. Daar word gemiddeld 400 - 500 items per jaar herstel, waarvan die oorgrote meerderheid stoele is. Die riem- en rottangwerk word alles deur die inwoners self gedoen. Die vaardighede is oor jare aangeleer en gevestig.

Produksie van hout-items is die tweede aktiwiteit. Die meerderheid van die items is houtspeelgoed wat deur die loop van die jaar te koop is, maar die meeste word gemaak vir die jaarlikse Kermis in November.

Hierdie was 'n besonder moeilike jaar vir die afdeling met die skielike siekte en afstrewing van ons instrukteur Thulani Ubisi. Hy was 11 jaar by Houtwerk en het 'n baie noue band met al die inwoners, maar veral die inwoners van Houtwerk, opgebou. Die leemte wat hy laat sal moeilik gevul word.



PROJEKTE & ONTWIKKELING/ PROJECTS & DEVELOPMENT

PROJEKTE & ONTWIKKELING/ PROJECTS & DEVELOPMENT

The focus of this department is to market Huis Horison and the Village-community that we create for the residents and day workers in such a way that corporates, trusts, church congregations and individuals can identify with, and support our objectives in person and financially. We follow a diversified strategy to raise funds and to build a sustainable future for the centre. Through this we can support programmes and activities (our mission), facilitate the fulfilment of our vision, to ultimately create the opportunity for a better, more meaningful life to our beneficiaries, while establishing ourselves as a healing and welcoming place for all.

FUNDRAISING PROJECTS

After the successful fencing of our property, additional funding has been acquired for fencing of the adjacent Erf 3722 - classified by Cape Nature as a "Watercourse" - which is critical for supporting the functioning of Protected Areas and Critical Biodiversity Areas. Our goal is to preserve, restore, and manage the area, expand our ecotherapy objectives and for the benefit of the broader community.

Huis Horison is known to many through its annual Fête (first Saturday in November). It is a highlight on our calendar, drawing on hundreds of volunteers, with the general public loving to support the event. The accompanying Horison Challenge Trail Run is well-supported, and this event will be held again on 4 November 2023.

Other fundraising events included Celebrate Life Dinner, three 'Kuier & Koop' Market Days, Barefoot Bowls and the annual Golf Day, which all contributed to the income for the centre. Our very own Shop at Huis Horison has been opened to the public, selling goods produced at the centre; bakery items, as well as 2nd handbooks, 'brick 'n brag' and clothing. On Mandela day, the staff took on the opportunity to help at different areas within the centre and build some comradery amongst the different work areas.

VOLUNTEERS

We are most grateful for the involvement of volunteers at Huis Horison. Our biggest volunteer effort is at the annual Fête, where over 140 people offer their time beforehand and on the day, to make the day a roaring success.

Our regular volunteers do great work with our residents including line dancing, drama groups, line function, handwork and card making. Photos for all our fundraising events are beautifully captured by a volunteer photographer.

We had several groups from the local schools who did various activities at the centre including help in the kitchen, mapping out our pixel project, helping the ecotherapy teams to clear branches on the grounds and donations including plants and recycling.

Various hairdressers and barbers offered their time to cut and blow dry our residents hair, especially since they do not have the means to get to a hairdresser.

FUNDS, TRUSTS AND SPONSORSHIPS

These are but a few of the wonderful outcomes which were made possible through fund applications and donations:

- Perimeter Fencing and fencing of the adjacent Watercourse for safety and rehabilitation of the natural area.
- Sponsoring our needy residents so that they can remain residents of Horizon House.
- Installation of a Solar System for the whole centre so that our operations can continue during load shedding and that we can save on electricity bills.
- Acquisition of medical equipment for our clinic to monitor and diagnose more accurately.
- Ergonomic chairs for our work areas so that workers can be more comfortable and productive.
- TLB (Combination Tractor/ Loader/ Backhoe) to allow us to do our own groundworks on the terrain and save costs.
- Paving of walkways and development of a sensory route for residents and staff.
- A new shredding machine to expand the productivity and income of our paper shredding service of confidential documents.

THE IMPACT OF PROJECTS & DEVELOPMENT ON HUIS HORIZON

Huis Horison is a non-profit company that is responsible for its own funding. To operate a centre that is financially sustainable and to ensure our continued existence, income must be supplemented by donations, sales, fundraisers and legacies. The goodwill of the community and close liaison with all our stakeholders are so important.

Not only funds, but also the donation of goods and services all contribute to the daily running of the various divisions at the centre, ultimately improving the quality of life of our beneficiaries.

SPONSORS

We would like to extend our sincere gratitude to our funders for their support.



Vriende van Huis Horison Trust, Villager Aid Trust, Chandos Trust

We would also like to thank all the individuals, schools, congregations, and businesses who assist Horizon House through donations, sponsorships and volunteering.

MULTIDISCIPLINARY TEAM/MULTI- DISCIPLINÊRE SPAN

MULTIDISCIPLINARY TEAM/ MULTI-DISSIPLINÊRE SPAN

Huis Horison has 128 residents and 29 Day workers. In the period 1/09/22 – 31/08/23, 12 new residents and 4 new day workers were admitted.

Huis Horison is the home for our residents, for some their only home where they have lived for the past 49 years... for others only a few months. This home strives to provide for the resident's individual needs, emotionally, spiritually, physically and cognitively. Instrumental in this is the therapy team, who provides professional intervention on individual, group and community level.

The therapy team consists of social workers, occupational therapists and most recently, a biokineticist was added to the team. Social workers are taking responsibility for holistic, systemic intervention, focusing on the belonging of the resident at Huis Horison. Residents need to feel they belong, to feel loved, secured and protected. Connection within oneself and with others in and outside Huis Horison is essential to build sound relationships and to feel connected.

SOCIAL WORK

Individual intervention

Individual social work aims to empower the resident to become the best person he or she can be. Adults with intellectual disabilities (ID) are not always able to express their needs, whether due to emotional, physical- or cognitive changes. Residents therefore need clear, concise and simple language, patience to allow them to express their needs, with concrete support from the listener. Adults with ID may appear slow in their cognition, but require respect and trust that they are worthy to be heard. They must be supported to make their own decisions and take ownership of that. Residents should be acknowledged as unique individuals, with specific needs, who need to be empowered to become the best persons they can be – they cannot reach this dream on their own.

Residents are unique, with different emotional, psychiatric, physical and cognitive needs. Assessing the needs of residents within a multi-disciplinary approach is essential, with inputs from families, instructors and carers. For people with an intellectual disability, it is important that immediate attention be given to his/her needs and a uniform manner of intervention must be practiced – this can be challenging.

Assisting the three Social Workers in individual intervention, we were fortunate to have 3 Social Work students from Huguenot College, one from Unisa and 4 Psychology students from Humanitas. During the period September 2022 – August 2023, the social workers and students combined had 1741 individual social work sessions, giving an average of 145 a month.

Individual social work is guided by a DSD assessment and IDP (Individual Care Plan) for each resident and day worker, compiled within the first three months of admission, and thereafter reviewed every six months. Care plans are a way of measuring the person's development (becoming) and the reaching of therapeutic goals. During the said period, 11 Assessments, 11 IDP's and 250 reviews were completed.

Group intervention

Social Group Work focused on bereavement groups, sexual education groups and mindfulness. Combining mindfulness practices with ecotherapy, exposes residents to the experience of mindfulness (being) within the natural setting at Huis Horison. Sensory awareness, reflection and emotional regulation are integrated during these mindful walks. The value it has for our residents is seen when they repeat the mindfulness walks by themselves, reflecting, integrating, and sharing with each other.

The social workers are aware of the value of combining emotional regulation with physical exercise. Life skills training often takes place in the natural engagement during walking groups, cricket, rugby and bocci. During these sporting activities, important aspects are often informally addressed, such as conflict management, communication, planning, organizing and execution. The importance of peer group relations and the impact on informal learning is confirmed during these group sport sessions. This empowerment is invaluable in the therapeutic process. During this period, 155 social work groups sessions were held.

Community intervention

A holistic approach towards intervention where social workers liaise with all the important systems; carers, clinic staff, residential team, instructors, managers, families, other staff members and the community (volunteers especially) is what Village Life is all about. Social Workers play an invaluable role in this, and the informal daily contacts and opportunities are often not noted. The daily contact carers and room assistants have with the residents, and the need for them to be emotionally regulated themselves to address the needs of the residents appropriately, are often not acknowledged. The importance of continuous training, open communication and empowerment are paramount.

Contact outside the Huis Horison community entails contact with tertiary institutions, training opportunities, liaising with other social workers and professionals in the field such as psychologists, psychiatrists and paramedical therapists.

OCCUPATIONAL THERAPY

Complimentary to Social Work intervention, is the services provided by the Occupational Therapists. Occupational therapy focusses on the physical being of the residents, aiming towards independent functioning and promoting an active lifestyle, whilst making choices to become. Occupational therapy is defined as 'a client-centred health profession concerned with promoting health and well-being through occupation. The primary goal of occupational therapy is to enable people to participate in the daily activities of life.'

Individual intervention

At Huis Horison the work areas are the 'occupation' of the residents. The work areas are part of the daily routine and structure of the residents and provides meaning and well-being in their lives. Participation in the work areas is important in their emotional sense of belonging to the House Horizon community.

Occupational Therapists are responsible for doing specific assessments (WUBSA) to assess individuals' abilities and for correct work area placement. During the period September 2022 – August 2023, the Occupational Therapists completed 16 WUBSA's and 105 risk assessments. The Occupational Therapy students assisted in these assessments. During the said period, 640 individual residents/dayworkers were seen by the occupational therapists.

Group intervention

The Occupational Therapists worked closely with the Work Area Manager and Instructors to do observations in the different Work Areas to determine the nature of interventions needed. Health and wellness groups, as well as groups with the aim of self-care, good posture, sensory stimulation, healthy vocation, and leisure groups were facilitated. The objective was to promote a healthy lifestyle where residents/day workers participated in physical activities based on their capabilities. The nature of Social Work and Occupational Therapy groupwork are complementary, with the focus on emotional regulation, life skills and improvement of activities of daily living.

Community intervention

Village Fridays are held every 2nd Friday afternoon at the centre. The aim of Village Fridays is to improve the quality of life for residents, dayworkers, and staff by providing the opportunity to engage in meaningful, fun, and everyday activities in a safe environment. The Village Fridays initiative is a valuable platform where important life skills such as autonomy, decision making, negotiating and scheduling can be practiced in a recreational context, which is empowering and promotes confidence. During Village Fridays there is spontaneous engagement between residents, day workers, staff and parents, which strengthens relationships, promote open communication and community liaison.

BIOKINETICS

A Biokineticist was added to the therapy team during July 2023. The passivity of the residents, their health and weight management were the main drive behind adding this specialist field to the team. Her focus is on the following:

- Conduct fitness assessments and create personalized exercise programmes for selected residents.
- Facilitate individual and group exercise programmes.
- Coordinate all sport and physical activities to fit into the work area schedule and overall calendar.

The Biokineticist has introduced herself as a Movement Therapist, as she is sensitive towards the resident's unwillingness to participate in exercises. She started with a movement group early on Thursday mornings and the group has already gained members, with a changing attitude towards exercise, social integration and promoting overall well-being. In her 1st month, she started with evaluations of individual residents and is taking responsibility to guide the special carers in the exercises of their residents. Her position is valuable and contributes to the well-being of our residents, day workers and staff.

A photograph of a person with a ponytail, wearing a patterned shirt and blue pants, kneeling in a greenhouse. They are surrounded by numerous potted plants, including purple-flowered ones on a wooden shelf above and green leafy ones in the foreground. The greenhouse has a wooden frame and a translucent covering. The text 'HOW DOES BEING, BELONGING AND BECOMING COME INTO PRACTICE?' is overlaid in white, bold, sans-serif font on the lower left of the image.

HOW DOES BEING, BELONGING AND BECOMING COME INTO PRACTICE?

Resident B was admitted to Huis Horison during 2021. This was her first time away from home, admitted to a residency she was unfamiliar with, with other residents who were different and unfamiliar to her. Resident B found it challenging to adapt to HH, and during her first year she visited the social worker various times during the day. Due to this intervention and the assistance of a facilitator, she has adapted well. The ongoing support she receives from all staff, including her parents, are however instrumental in her adaption. Her parents are very involved and continuously liaise with the therapeutic team. They are open for intervention and guidance. On the physical side, they make sure that her room provides the security, comfort and haven she experienced in her room at her house. Her dolls, her Legos, laptop, books are providing in her needs and making her feel loved and secured. On her return after a holiday she said: 'Jy weet fannie, ek is so bly om terug te wees. Ek het vir my ouers gaan kuier, maar Huis Horison is my huis.'

KLINIEK/CLINIC

JAARRITMES

Teen einde 2022 kon waargeneem word dat inwoners volledig teruggekeer het na die 'voor-Covid' era. Minder angstigheid is waargeneem en minder druk is op die Kliniek geplaas met aanmeldings van psigosomatiese klagtes. Meer aandag kon gegee word aan gewone versorgingsuitdagings soos persoonlike higiëne en basiese gesondheidsorg.

Soos die jaar einde se kant toe staan ervaar ons dat, veral die inwoners wat nie meer vakansie-huise het nie, al hoe meer uitdagende gedrag openbaar of net nog meer soek na aandag en troos. Al is dit net in die vorm van 'n pleister, vitamienepil of koppie tee met 'n geselsie.

Met die terugkeer van inwoners middel Januarie is daar groot druk op die Kliniek om alle medikasie weer op datum te kry, asook om volledige fisiese ondersoeke te doen wat as basislyn vir die jaar kan dien. Inwoners keer dikwels terug met groot gewigstoename van lekker vakansie hou. Daar word gepoog om met alle ouers individuele terugkeerafsprake te maak sodat terugvoer verkry kan word van enige gesondheidsprobleme wat moontlik ervaar is tydens die vakansie. Daar is beslis beter kommunikasie tussen ouers en die Kliniek as vantevore. Ouers voel gemakliker om belangrike inligting te deel, wat ons weer kan aanspreek en deurgee om meer holisties hulp te kan verleen.

VERSORGERS

'n Belangrike fokuspunt was die indeling van Nagversorgers en hul individuele take. Inwoners met individuele persoonlike asook mediese behoeftes word aan spesifieke versorgers toegewys en die aanspreek van "triggers" en die hantering daarvan word ook aangespreek. Oorgee-tyd in die Kliniek bly een van die belangrikste tye in die dag sodat inligting volledig gekommunikeer kan word om omvattende maar ook deurlopende diens van hoë kwaliteit te kan lewer. Verskerpte kontroles van Versorgers se daaglikse take, en waar tekorte is, remediërende gesprekke, is met die hulp van die MH afdeling gedoen.

SPESIALE BEHOEFTES

Klub Phoenix (die 60+ groep) en ander daaglikse besoeke van psigiatriese aard maak 'n groot deel van ons kliniekbeseoeke uit. Inwoners moet in die Kliniek op 'n gereelde basis terug georiënteer word na Werkareas toe. Daar is 'n groot behoefte aan 'n aparte Dementia-afdeling aangesien dit baie moeilik is om die oerwordendes, met hulle spesiale behoeftes, tussen die ander inwoners effektief en veilig te bestuur. Konflik in daardie wooneenhede is onafwendbaar. Die toename in persone wat presenter met psigiatrie is beslis een van Huis Horison se toekomstige uitdagings aangesien ons nie tans oor die nodige kennis en fasiliteite vir die spesiale, dikwels individuele behoeftes beskik nie.

Beurkrag plaas die effektiewe versorging van inwoners onder druk. Daar is heelwat inwoners wat a.g.v psigiatriese kondisies (OCD, outisme spektrum, angstersteurings) nie die verandering in hul program en die afwesigheid van iets soos elektrisiteit kan hanteer nie.

PERSONEEL

Dit was vir Huis Horison 'n groot verlies om na 14 jaar van Suster Welna afskeid te neem. Sy was die hart van Huis Horison en vir al ons inwoners die ma, dokter, sielkundige, en soms dominee ook. Sy was ook 'n besondere kollega en vriend vir haar kollegas. Niks was ooit te veel werk of moeite vir haar nie.

Om haar pos te vul, tesame met die addisioneel goedgekeurde na-ure verpleegkunde pos was 'n groot uitdaging. Hierdie professie is in baie groot aanvraag en Huis Horison kan nie meeding met die vergoeding wat die mark aanbied nie. Kandidate moes gewerf word uit alle oorde. Ons is tans dankbaar vir die dienste van Sr Soetzenberg (voldag) en Sr Bam (na ure) wat 1 Mei 2023 en 24 Aug 2023 onderskeidelik by ons span aangesluit het en reeds geliefd onder die inwoners is.

Ons is altyd dankbaar vir die inskakeling van Verpleegkunde studente en Versorgers-in-opleiding wat hul opleiding vir prakties moet doen. Hul lewer 'n baie belangrike diens en is altyd so entoesiasties.

OPLEIDING

Alle nuutaangestelde Versorgers, asook die voldag Suster, het die in-huis 3-dag indiensopleiding van Huis Horison deurloop. Tien versorgers het 'n Noodhulpkursus deurloop en drie het die Studio 3 kursus (Challenging Behaviour) bygewoon.

EKO-PROGRAM/ ECO PROGRAM

EKO-PROGRAM/ECO PROGRAM

Die afdeling het ten doel om die kwaliteit van lewe van elke persoon by Huis Horison te verryk en te bevorder.

EKOTERAPIE ("NATURE-BASED HEALING")

Die natuur is geredelik toeganklik by Huis Horison. Ons doelwit is om toegang tot die natuur 'n lewenswyse te maak vir inwoners asook personeel (en nie net per geleentheid nie). Van die terapeute se intervensies, asook aktiwiteite in die Werkareas geskied reeds in die natuur. Terapeute gebruik Ekoterapietegnieke ook in die aanbied van verskeie groepe naamlik verlies groepe en buitelug spel. Die positiewe effek op inwoners deur aktiwiteite buite aan te bied is o.a. die afname in depressie en angstigtheid. Deur hulle te help om al hulle sinne in die natuurlike omgewing te gebruik, het ook 'n positiewe invloed op hulle gemoedstoestand. Die biokinetikus maak reeds van 'mindfulness'-tegnieke gebruik wanneer sy haar oefengroepe aanbied.

Die volgende natuur-gebaseerde aktiwiteite is gedoen:

"Forest Bathing"

Verskeie groepe is geneem om die woud atmosfeer in die vleiland te ervaar. Sommige avontuurlistiges het selfs met hulle eerste sessie water en modder getrotseer, om op mos en omgevalle stompe die stilte te geniet.

Stap groep

Die stap groep is gestig met die doel om inwoners die geleentheid te gee om staproetes buite Huis Horison te verken en die terapeutiese voordele daarvan te put, insluitend die geleentheid om hulself uit te daag en die prestasie daarvan te ervaar. Stappe is onder andere gedoen langs die Eersterivier (insluitend 'n besoek aan die Rupert kunsmuseum), die Strand, Danie Miller staproete te Gordonsbaai, Paradyskloofwaterval en op met Stellenboschberg.

“

Een mooi voorbeeld van die positiewe impak van die stap groep was toe een inwoner bang was, en hulp nodig gehad het om oor die hangbrug te stap. Met die terugkeer het hy egter die selfvertroue opgeraap om voor die res van die groep uit te stap, en sonder hulp die hangbrug te trotseer.

Die natuur bied wonderlike probeerruimtes!

”

“

’n Dagwerker, wat vir die eerste keer ooit sonder sy mede dagwerkers gaan stap het, was aanvanklik huiwerig om saam te gaan. Hy het egter sy moed bymekaar geskraap ten spyte van sy vriende wat gekies het om te bly. Dit was wonderlik om te sien hoe hy begin ontspan en grappies maak met die res van die stapgroep. Dit was asof hy vergeet het van al sy verantwoordelikhede by die huis.

”

Die pluk van suurlemoene

Vele groepe inwoners, sowel as gekombineerde groepe wat Stellenbosch Werksentrum (SWS) en Huis Horison inwoners ingesluit het, is geneem om suurlemoene te pluk. Die heerlike reuk van die suurlemoenboord het nie ongesiens gegaan nie. Inwoners het selfs in die reën suurlemoenboord toe gestap om suurlemoene te pluk. Daar is gestop, geluister en geruik. Elke inwoner is die keuse gebied of hy/sy dit wel wou doen en elkeen het gekies om dit wel mee te maak. Met die meer uitdagende sessies word daar meer gelag, gesels en opgemerk dat energievlakke oor die algemeen styg.

Visvang

As daar nie gestap word nie, kan daar by die dam gehengel word. Daar was sover een uitstappie na die dam waar een dame uiters trots was met haar eerste visvang poging met die hulp van die twee ervare vissermanne.

Animal Assisted Activities

Een van ons inwoners neem deel aan 'n program by Animal Welfare Society Stellenbosch deur honde te neem om te gaan stap. Daar gaan gepoog word om meer inwoners by hierdie aktiwiteit te betrek. Weeklikse besoeke deur PAT (Pets as Therapy) vind plaas waar gekeurde honde en hul hanteerders inwoners by Huis Horison kom besoek, en inwoners die geleentheid gee om die honde te vertroetel.

RESTOURASIE VAN DIE EKOSISTEEM (OM DIE BIODIVERSITEIT TE HERSTEL)

Die herstel van die ekosisteem is 'n tydsame proses aangesien dit tans geskied met die hulp van vrywilligers en inwoners van Huis Horison. Ons is baie dankbaar vir die Onder-Papegaaiberg buurt, individue, studente en skoolgroepe wat vrywilliglik betrokke is by die afkap en uitsleep van uitheemse bome in die Waterloop. Die populierbos word ook stelselmatig (weekliks) uitgedun (wanneer weersomstandighede en mannekrag dit toelaat).

Verskeie deskundiges is gekonsulteer om 'n langtermyn plan vir die herstel van die ekosisteem daar te stel. Spesialiste op die gebied van voëls, bome, fynbos, plante, insekte, paddas, visse en diere van die omgewing, se insette sal 'n waardevolle bydrae lewer tot volhoubaarheid, asook die saamstel van die nodige inligtingsborde by die dam en omgewing.

SELF-ONDERHOUD

Kwekery, groentebakke, komposhope

In die kwekery word steggies gemaak om in die tuin geplant te word en sodoende koste ten opsigte van aankope te bespaar, of vir verkope tydens Markdag en Kermis om fondse in te samel.

Die kwekery het 15 plantbakke waarin groente gekweek word. Daar word aan die kombuis voorsien met die langtermyn doel om selfonderhoudend te raak. Verkope van plante, groente, en chip by markdae en die jaarlikse kermis, kweek bewustheid en bring fondse in.

Onderhoud van tuine/chipping

Die tuine word deur die tuinspan in samewerking met die tegniese span onderhou. Hulle is ook behulpzaam met die afkap van uitheemse bome wat dan versnipper word in hout“chips” wat aangewend word in die tuine vir eie gebruik asook vir verkoop aan ouers en die publiek.

Plant van bome

140 bome is in die afgelope jaar geskenk deur verskeie donateurs en individue, en op die terrein geplant. Die eerste deel van die Sensoriese stappad is danksy 'n donateur voltooi.



FINANSIËLE BESTUUR/ FINANCIAL MANAGEMENT



BEING, BELONGING
BECOMING